

Narratiewe terapie en kuns

Julian Müller en Marinda van Niekerk*

SUMMARY: Narrative therapy and art

Narrative therapy is not traditionally associated with art. Art in itself has a unique communicative power which makes it very valuable in the therapeutic context. The image created through art takes on the role as mediator between a persons' inner and outer world as well as past, present and future. Narratively, art tells its own story, without the use of verbal language. New stories unfold in a new genre. A magical asset in art is its timelessness. Words and gestures require immediacy, but a picture can be read, any time, over and over. The drawing of a picture involves a person in an emotional process. The critically important role of the therapist in facilitation the process of art, used in therapy, is discussed and evaluated.

INLEIDING

Wanneer die woord "kuns" genoem word, word dikwels aan eksentrieke individue met vreemde klere en selfs vreemde gedrag gedink. Daarom bestaan die algemene beeld, dat kunsterapie slegs bruikbaar is vir gespreksgenoot en terapeute wat "kunstig" is. Hierdie stereotipering voorkom dikwels dat terapeute met kuns as terapeutiese hulpmiddel, begin eksperimenteer. Die ervaring van kunsterapeute dui duidelik daarop dat kunsterapie uiters waardevol is, ook vir persone wat geen kunsagtergrond het nie, ongeag ouderdom of kultuur.

Verskeie kunsvorme is bruikbaar tydens kunsterapie. Algemene kunsvorme waarmee daar reeds heelwat ge-eksperimenteer is, is beeldende

kuns, drama, musiek, danse, woordkuns soos verhalende kuns, poësie en mitologie, asook die tekenkuns met sy verskeie mediums. Vir die doel van hierdie artikel, gaan daar gefokus word op tekenkuns,

aangesien die verbeeld en “ververf” van emosies en verhale ‘n besonders kragtige medium is en vir almal bruikbaar is.

* Ds Marinda van Niekerk is ‘n doktrale student wat werk onder studieleiding van prof Julian Müller van die Departement Praktiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

DIE UNIEKE KOMMUNIKATIEWE WAARDE VAN KUNS BINNE TERAPEUTIESE KONTEKS

Die inherente vermoë van 'n kunsvorm om 'n persoon in kontak te bring met hom- of haarself, is wat kuns so onontbeerlik maak binne 'n terapeutiese konteks. Case & Dalley, (1992: 97) beredeneer dit so: *“Images made in art therapy embody thoughts and feelings. It is the capacity of art, and the arts in general, to be a bridge between the inner world and outer reality which gives the image the role as mediator. The image mediates between unconscious and conscious, holding and symbolising past, present and future aspects of a client.”* Laasgenoemde sluit aan by ‘n Freudiaanse verduideliking dat kuns 'n brug vorm tussen die bewuste en onbewuste self, ook 'n brug tussen die hede en verlede. Die gespreksgenoot word ook gehelp om in kontak te kom met haar onderdrukte bewuswordings.

Kuns, in watter vorm ookal, het die vermoë om heel onafhanklik, ‘n eie verhaal te vertel. Die kragtige kommunikatiewe vermoë om 'n emosie te verbeeld of te ververf kan nie in taal verduidelik word nie. Die gevaar lê juis daarin dat baie terapeute probeer om die verbeelde emosies te v-e-r-t-a-a-l. Dit lei tot 'n verwatering van die estetiese ervaring van die gespreksgenoot. Die waarde van kuns is juis dat kuns **'n totaal ander kommunikasiemedium** is. In

die terapeutiese konteks help dit dat "ek met myself" kan praat op 'n nuwe wyse binne en buite die terapeutiese ruimte (Case & Dalley 1992: 4).

Die spanningsveld wat deurbreuk moet word, is nie net dié tussen terapeut en gespreksgenoot nie, maar ook tussen gespreksgenoot en "om tot kuns te kom". Kuns stel die gespreksgenoot in staat om binne 'n beskermde omgewing, nuwe ervarings en emosies te eksploreer: *"The client may use art to test out his dangerous thoughts and ungratified wishes in a safer way than directly in relation to the therapist"* (Gilroy & Dalley 1989: 144).

'n Verdere besondere eienskap van kuns, is die absolute tydloosheid daarvan. Anders as met 'n sinsnede, kan die egte emosie in 'n ewigheidsvorm vasgelê word. *"Gestures must be seen when they are made; words must be heard when they are spoken. Pictures can be read in aftertime. They persist, control time and overcome passage. In this very fact there is magic"* (Kris 1953:

(Adams 1996: 18)

Hierdie skets gee 'n idee van die kragtige kommunikatiewe dimensie van kuns binne die terapeutiese konteks.

50). Wat verder bydra tot die waarde van kunst terapie, is die tydperk wat persone spandeer aan die uitbeelding, maar meer nog, die belewenis van 'n sekere gevoel. 'n Persoon kan 'n sekere gevoel in 'n sin verwoord wat 'n paar sekondes kan duur, maar in kunst terapie kan dieselfde persoon tot 'n uur besig wees om 'n enkele gevoelsaspek te verbeeld.

'n Individu het soms 'n persepsie van hoe ideale lewensomstandighede moet lyk. Huidige omstandighede kan beskou word as 'n toestand van orde of chaos. Kunst terapie is een van die mediums waarmee daar orde uit chaotiese lewensomstandighede geskep kan word (Roos 1986: 91), maar terapeuties gesien, tog chaos geskep kan word uit sogenaamde orde. Met ander woorde die orde wat ons as vanselfsprekend aanvaar as die *status quo*, kan juis deur kuns binne 'n terapeutiese situasie, uitgewys word as chaos of andersom, wat kan bydra tot nuwe bewuswordinge en moontlike groei.

VERAL TWEE BASIESE BENADERINGS KAN ONDERSKEI WORD BINNE DIE KUNSTERTAPUETIESE VELD²

Die twee velde wat breedweg onderskei kan word, se verskil lê veral in **die terapeutiese waarde** wat aan die kuns self geheg word. In die eerste benadering val die klem terapeuties op die kuns-gebeure self. Die kuns wat "gebeur" het word insigself as die werklike terapie gesien. In die tweede benadering val die klem op die doelgerite interpretasie en verstaan van die kuns. Die werklike terapeutiese waarde word hier in 'n verdere proses gesien en vorm die kuns slegs die middel tot hierdie proses. Vir die doel van hierdie artikel, is die bedoeling nie om vir een van die twee benaderings te kies of die twee benaderings teenoor mekaar af te speel nie, maar eerder om sekere verskille te

beklemtoon, wat ook saamhang met persoonlikheids- en stylverskille van terapeute.

Die kunsgebeure as terapie

Hier val die klem op **die kunsgebeure** as die eintlike genesingsproses. Die naam van Edward Adamson moet genoem word wat in hierdie verband baanbrekerswerk gedoen het. Adamson se standpunt is dat die rol van kuns nie net metodiek en tegniek is nie, maar insigself genesend meewerk. In hierdie benadering val die klem terapeuties op die kunsgebeure. Die kuns wat “gebeur”, word as die werklike terapie gesien. *"As in art, the essence of therapy is communication. By liberating patients from the restrictive confinement of words and setting them loose in the much wider vocabulary of paint and clay, Adamson enabled them to formulate the meaning of their predicament; and by mobilizing the creative resources latent within their own personalities, he assisted them to heal themselves"* (A. Stevens in Adamson 1990: vii).

Die genesende aard van kuns is nie afhanklik van die terapeut se interpretasie of intervensie nie. Volgens hierdie benadering is kuns insigself interpreterend. Interpretasie vind dus plaas in die mate waartoe die persoon tot kuns kom. Die taak van die terapeut is eerder om die konteks te skep vir die kliënt om tot kuns te kom. Die rol van die terapeut kan ook gesien word as die van 'n katalisator, met ander woorde 'n versneller van 'n proses (Adamson 1990: 4). Die terapeut moet sy gespreksgenoot kan motiveer tot die eerste dapper stap naamlik die eerste verfhaal, dansbeweging, musieknoot, hand uitsteek na 'n onverwerkte stuk klei, potloodstreep, of watter ander *eerste* stap ookal nodig mag wees. Die klem van hierdie benadering val daarop dat die persoon wat aanmeld, self 'n bydrae lewer tot 'n eie genesingsproses.

Adamson se styl is absoluut nondirektief. Hy sal dit hoogstens moontlik maak vir 'n kliënt om te kan teken. Hy sal die kliënt begelei om self te besluit

watter medium om te gebruik en watter motief om te kies, eerder as om enigsins direkief te wees.

Ander persone wat dieselfde benadering volg, naamlik om die klem te laat val op kuns as helingsinstrument, gebruik wel sekere tegnieke om gespreksgenote tot sinvolle teken te bring. Daar bestaan verskeie sulke tegnieke. Enkeles hiervan wat aangewend kan word om persone in te lei tot die benutting van kuns, is deur die gespreksgenoot te vra om 'n voorstelling te maak van 'n droom. 'n Ander manier om persone wat weerstand teen die benutting van kuns as hulpmiddel bied te motiveer, is deur plakwerk (collage). Hierdie tegniek word veral baie effekief aangewend in terapie met tieners (Linesch 1988).

Die sukses van hierdie benadering lê veral in die verhoudingsaspek en daarom is tydsduur 'n noodsaaklikheid vir die sukses van hierdie benadering, aangesien betekenisvolle verhoudings nie maklik oornag gevorm word nie: *“A relational approach to pastoral care not only requires that one be vulnerable to relationships but at times depend upon that vulnerability more than upon theological language”* (Gantz, 1987: 50). 'n Vereiste tot sukses is dat daar vertrou en 'n gevoel van veiligheid geskep behoort te word. Hierdie element vorm dan ook 'n beperking in die benadering, aangesien die effekiwiteit ingeboet word indien daar nie geleentheid is tot die vorm van 'n langtermynverhouding nie.

Die voorafgaande skets (*I'm all screwed up*), is gedoen deur 'n vrou wat vir langer as twintig jaar 'n pasiënt was in 'n hospitaal waar Adamson werksaam was (Adamson 1990: 18). As ouer dame, wat baie skugter en ingetoë geleef het, het sy deur kuns vir die eerste keer daarin geslaag om uitdrukking te gee aan haar ingekeerde emosies. In die vryheid wat sy ontdek het om haar emosies te verbeeld, het sy genesing ervaar. Sy het later gedien as 'n voorbeeld en inspirasie vir ander pasiënte. Na twintig jaar van geïnstusionaliseerde bestaan,

is hierdie vrou wat as ernstig geestelik versteurd bestempel was, ontslaan uit die hospitaal en funksioneer so selfstandig dat sy selfs op haar eie woon.

Die fokus op interpretasie van kuns as terapie

Hierdie benadering word onder andere verwoord deur Case & Dalley (1992: 1): *"Art therapy involves the use of different art media through which a patient can express and work through the issues and concerns that have brought him or her into therapy. The therapist and client are in partnership in trying to understand the art process and product of the session. For many clients it is easier to relate to the therapist through the art object which, as a personal statement, provides a focus for discussion, analysis and selfevaluation. As it is concrete, it acts as a record of the therapeutic process that cannot be denied, erased or forgotten and offers possibilities for reflection in the future".*

In hierdie benadering val die klem op die interpretasie en verstaan van die kuns. Die werklike terapeutiese waarde word gesien as deel van 'n verdere proses en is kuns 'n middel tot die realisering van die verdere proses. Die terapeut speel ook 'n leidende rol in die proses om oplossings en antwoorde te vind, sowel as om groeipunte en probleemareas te identifiseer en uit te wys. Die terapeut se inset en vermoë om te interpreteer is deels bepalend vir terapeutiese sukses. Die kunswerk se betekenis kan beoordeel word deurdat die proses die fokus vorm en nie die eindproduk nie. Voortdurende interpretasie kan lei tot voortdurende aanpassings in die kunswerk. Die produk is selde "kuns", maar eerder 'n proses van groei.

Die terapeut moet onthou dat die gespreksgenoot haar emosies en pyn "verbeeld" en nie "verwoord" nie. Daarom lê die uitdaging vir die terapeut met betrekking tot die interpretasie van die skets, juis om kunsterauties met die

persoon te kommunikeer. Die taal of woorde wat die terapeut gebruik, mag nooit inbreuk maak op die sketsmatige karakter van die kommunikasieproses nie.

'n Moontlike gevaar in hierdie benadering is dat die terapeut te oorhaastig en selfs onnodig interpreteer. Dit word geïllustreer aan die hand van 'n gevallestudie (Linesch 1988: 55,56). 'n Vyftienjarige seun se vader is oorlede aan kanker. Hy het 'n vrye skets gemaak met 'n liniaal en kleurmerkers, van 'n eendimensionele huis met vensters en 'n deur, 'n omheining aan die een kant van die huis, waargter 'n posbus geteken is. Daar is ook 'n boom en 'n ingekleurde son. Sy eie interpretasie van sy skets was dat die posman nie die pos in die bus sal kan kry nie, as gevolg van die hoë heining. Volgens die terapeut, het die seun 'n belangrike boodskap gehad, simbolies voorgestel in die brief wat onbereikbaar is. Sy was sensitief vir sy huiwering of onvermoë om hierdie boodskap te deel. Indien sy hierdie onvermoë in hierdie stadium verwoord het, sou sy waarskynlik veroorsaak het dat die seun verder geïsoleerd sou voel en minder vertrouwe sou hê om te waag om sy gevoelens te erken en te hanteer. Die terapeut het die seun aangemoedig om in 'n ander medium (collage) die inhoud van die brief uit te beeld. Die seun het op 'n kragtige wyse sy hartseer en woede uitgebeeld rakende sy vader se dood. Hierdie ruimte om te "verbeeld", was self die terapeutiese proses. Daar is nie verder gewerk aan hierdie tema nie, omrede die seun self instaat was om sy vrese en hartseer te konkretiseer.

Indien die terapeut dadelik haar vermoedens rakende die seun se ongekommunikeerde hartseer en woede verwoord het, kon dit die proses in geheel laat skade lei het. Tog kom die waarde van hierdie benadering daarin tot uiting, dat die terapeut die seun "versigtig interpreterend" kon begelei tot selfinsig.

-

TEREINE WAAR KUNS VERAL BRUIKBAAR IS

Gesinsterapie

Beide benaderings, nl. waar die terapeut 'n meer of minder direkte rol speel kan effektief gebruik word in verskeie spesialiteitsvelde van terapie. Bv. met gesinsterapie as konteks, kan kunst terapie van groot waarde wees waar daar ingewikkelde verhoudings ter sprake is: "*Simultaneous expression can give all family members a voice where previously they may have been denied or voluntarily excluded themselves from making a contribution*" (Gilroy & Dalley 1989: 200). Ook met 'n ekstreme konfliktsituasie wat dreig om hand uit te ruk, kan gelyktydige kommunikasie deur een of ander kunsvorm 'n kosbare middel wees om elke stem ongehinderd en sonder vooroordeel hoorbaar te maak.

Multikulturele terapie

Interkulturele terapie vind plaas binne 'n groep persone met dieselfde geskiedenis, gebruike, geloof en waardes, van dieselfde ras, omgewing, of godsdien. Multi-kulturele terapie is terapeutiese kontak tussen mense buite hul eie kultuur om.

Kuns as kommunikasiemedium is nie 'n universele taal nie (Hatcher 1985: 143). Betekenis wat geheg word aan woorde, simbole, rituele of metafore is kontekstueel en kultuurgebonde.

Vir die Terapeutiese proses om sinvol te verloop, is daar 'n minimum verstaan nodig, veral binne multi-kulturele terapie. Kuns kan nie spontaan die verstaansklowe tussen kulture oorkom nie. Die minimumvereiste vir multikulturele terapie om sinvol plaas te vind, is inderdaad woorde. Dit is beslis nodig dat beide partye 'n gedeelde taal vind wat verstaanbaar is vir terapeut en gespreksgenoot. Daar moet dus 'n realistiese verwagting wees van die potensiaal van kuns as terapeutiese hulpmiddel. As gevolg van die kompleksiteit

van die hermeneutiese proses wat reeds so beïnvloed word deur 'n veelheid van kommunikatiewe hindernisse, moet daar 'n basis gevind word vir gedeelde woorde. Ons het nodig om die kompleksheid van woorde en hul beperkings te verstaan en sensitief te hanteer.

Interkulturele kommunikasie kan alreeds problematies wees deurdat daar soveel terreine van verskil is tussen mense wat uit 'n homogene omgewing kom. Verskille van geslag, godsdiens, politiek, sosiale stand en plek van herkoms dra hiertoe by. Hierdie verskille vra na doelgerigte, effektiewe kommunikasie om binne die terapeutiese ruimte nuwe werklikhede saam te kan skep (Müller 1996: 32). Soveel te meer vra multi-kulturele kommunikasie na ekstreme vindingrykheid en inspanning.

Vir 'n multi-kulturele konteks, verleen die narratiewe benadering die mees akkomoderende milieu om multi-kulturele terapieë te bedien met kuns as hulpmiddel.

-

DIE BESONDERE BYDRAE WAT KUNS KAN LEWER TOT DIE NARRATIEWE TERAPEUTIESE BENADERING

Die unieke kommunikatiewe waarde van kuns soos hierbo uiteengesit, maak van kunstherapie 'n baie bruikbare hulpmiddel in veral die narratiewe benadering. Daar word gefokus op die uitbeeld van 'n persoon se verhale wat bepaal hoe iemand sy of haar wêreld beleef en interpreteer. Thomas Carlson (1997) bespreek die waarde van kuns vir die narratiewe terapie breedvoerig. Daar kan afgelei word dat hy die rol van die terapeut as interpreterend beskou. Die besondere bydrae wat kuns kan lewer tot elke afsonderlike fase van die narratiewe terapie soos verduidelik deur Müller (1996: 107-133) maak dit juis so

waardevol, byvoorbeeld tydens die proses van eksternalisering en dekonstruksie dien kuns as hulpmiddel om die persoonsgerigte probleemformulering te rekonstrueer tot 'n probleemgerigte probleemformulering (Carlson 1997: 272). Die fokus word dus verplaas van die individu na die probleem self. Mense vind dit dikwels moeilik om hulself (eie identiteit) los te maak van hul probleem, byvoorbeeld iemand met 'n gewigprobleem sien hul totale identiteit in terme van hul gewig: *ek is oorgewig* in plaas van *ek is 'n persoon*.

Persone kies selektiewe herinnering om hul verledeverhale wat hul verstaan van hulself domineer, in stand te hou. Die inligting van die ou verhaal is kongruent met huidige gesindhede en houdings ten opsigte van hul huidige verstaan van hul wêreld. Hierdie "ou" verledeverhale moet gedekonstrueer word om ruimte te maak om dieselfde verledeverhale nuut te interpreteer en sodoende by 'n "nuwe-ou verhaal", en later by 'n ander toekomsverhaal uit te kom. Deel van dekonstruksie is eksternalisering van die probleem en die ontdek van "*unique outcomes*" soos gebruik deur Michael White.

Om 'n probleem te teken, help direk met die proses van eksternalisering deurdat die persoon onmiddellik geskei word van die probleem. Volgens hom verskaf kuns die medium vir persone om nuwe gedrag in 'n veilige atmosfeer te toets. Hierdie nuwe gedrag wat getoets word, lei die begin in van blywende gedragsverandering. Soos reeds verduidelik, is kuns 'n hulpmiddel om 'n persoon in kontak met hom-/haarself te bring.

Die ooreenkoms van kunstherapie met die narratiewe terapie, word soos volg beskryf: "This belief in bringing out hidden aspects of the self is very similar to the belief in narrative therapy that alternative stories have been hidden because of the influence of the dominant story" (Carlson 1997: 275).

Indien kunstherapie aanvullend aangewend moet word tot die narratiewe terapeutiese benadering, is dit ook belangrik om te onderskei tussen ervaring en interpretasie: Daar moet onderskei word tussen blote of rou ervaringe en

geïnterpreteerde ervaring (hetsy deur die terapeut of kliënt). 'n Mens kan niks doen met ervaring alleen nie. Die ervaring word eers bruikbaar as ons reggekry het om dit in 'n verhaal te omskep. Ons organiseer dus ons ervarings in verhale. Elke nuwe sensasie of stimulus word in 'n storie geformuleer. So gaan ons vorentoe, so word die lewe 'n reis. Want ons neem die ervarings van die verlede, organiseer dit in 'n storie, en die storie word die kaart vir die onbekende land wat voorlê (vergelyk Müller 1999). Die klem val dus op die pastoraal se eie interpretasie en nie op die weergawe van die pastor nie, wat 'n belangrike onderskeid is tussen Kunst terapie en die narratiewe benadering.

'n Beginsel rakende die benutting van kuns, is dat die gespreksgenoot 'n mede-skepper word van sy eie verhaal. Die terapeutiese waarde van kuns sowel as van die narratiewe benadering, is begrond in die verhouding wat tot stand kom tussen die terapeut en die persoon wat aanmeld vir berading.

Die narratiewe benadering kan eersgenoemde benaderings benut deurdat daar eensyds 'n groot klem gelê word op die rol wat die gespreksgenoot speel in 'n eie genesingsproses, asook die inherente terapeutiese waarde van kuns. Andersyds het die terapeut tog 'n rol te speel binne die narratiewe proses selfs al word die "*not-knowing*" -posisie gehandhaaf (sien ook Müller se gebruik van die begrip). Hierdie rol is duidelik: die terapeut word medeskrywer van 'n nuwe verhaal. Die terapeut se eie verhaal kom in tel en word in berekening gebring alhoewel nie noodwendig interpreterend nie, maar eerder deelnemend.

KUNS BINNE 'N PASTORALE KONTEKS

Die beginsels wat in hierdie artikel vir terapie in die algemeen gestel is, kan in 'n pastorale terapie op 'n eiesoortige wyse toegepas word. Dit kan vanweë die omvang daarvan egter nie hier volledig hanteer word nie en is 'n uitnemende fokus vir verdere navorsing en verslaggewing. Die gesprek rakende die waarde

van kuns in terapie is tog nie konteksloos nie, maar vind plaas binne die baie duidelike kader van die narratiewe **pastorale** terapie. Van die eerste verhale wat bekend is oor God se handelinge met die mens, leer ons God ken as die Kunstenaar, meester-aanwender van simbole (soos byvoorbeeld die reënboog) en verhalende kuns (onder andere die gelykenisse van Jesus). Drie aspekte om in gedagte te hou rakende kunstherapie in pastorale konteks, is die volgende: *“Respect for a relational approach to pastoral care, an appreciation for the incarnational style of ministry; and an attitude for this kind of ministry in which the pastor can see the other as Christo-morphic”* (Gantz 1987:50). Die terapeut behoort dus daaraan te werk om die kunstenaar-God toe te laat om kunstig deel te word van die proses van transformering van sowel die gespreksgenoot as die terapeut.

SLOTOPMERKING

Kunsterapie se besondere terapeutiese waarde blyk selfs 'n verskil te maak vir persone wat aan ernstige emosionele versteurings lei. Die vraag is of terapeute genoegsaam plek gee aan kuns as terapeutiese hulpmiddel. Die hoop bestaan dat terapeute, ongeag die graad van hul kunsvaardigheid, sal waag om hierdie nuwe dimensie in terapie te ontgin veral met die oog op voorkomende terapie.

²Vergelyk in hierdie verband ook die artikel deur J.C. Müller en S. Heine, 1998.

BIBLIOGRAFIE

Adamson, E. 1990. *Art as healing* (2nd. ed.). London: Conventure.

Carlson, T. D. 1997. Using art in narrative therapy: enhancing therapeutic possibilities. *The American Journal of Family Therapy*. 25(3) 271 - 283.

Case & Dalley, T. 1992. *The handbook of art therapy*. London: Routledge.

Gantz, R. 1983. Art as a Tool for Pastoral Care. *The Journal of Pastoral Care* XLI
(1) 48-54.

Gilroy, A. & Dalley, T. 1989. *Pictures at an Exhibition: Selected Essays on Art and Art Therapy*. London: Routledge.

Hatcher, E. P. 1985. *Art as Culture: An introduction to the anthropology of art*. Lanham: USA.

Kris, E. 1953. *Psychoanalytic Explorations in Art*. London: Allen & Unwin.

Linesch, D. G. 1953. *Adolescent Art Therapy*. New York: Brunnel/Mazel.

Müller, J. 1996. *Om tot verhaal te kom*. Pretoria: RGN.

Müller, J. C. & Heine, S. 1998. Kunstige wetenskap of wetenskaplike kuns: gedagtes

oor pastorale terpaie. *NGTT*. Deel XXXIX, Nr. 3, September 1998, pp. 162-168.

Müller, J. 1999. *Companions on the Journey*. Johannesburg: Logos Books

(www.Logos-Sa.com)

Roos, N. O. 1986. Die verband tussen kuns en kerk. *Skrif en Kerk*. 7 (1) 83-92.

Stevens, A. in Adamson, E. 1990. *Art as healing* (2nd. ed). London: Conventure